Woensdag 9 September
Skriflesing: 1 Timoteus 6:11-21
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:11, 12

## Vlug weg van aardsgerigtheid, streef na die koninkryk van God

Paulus is hier besig om vir Timoteus te waarsku om op die uitkyk te wees vir die slagysters wat die gelowige op sy lewenspad kan verwag. Terselfdertyd bemoedig hy ook elke gelowige vir die aanpak van hierdie lewenspad. Die gelowige is in 'n stryd gewikkel, 'n stryd wat inhou dat daar voortdurend ingeworstel moet word teen die verkeerde in.

Daarom praat Paulus in vers 11 van "wegvlug" van sekere dinge af. En die dinge wat hy uitwys waarvan weggevlug moet word, is aardsgerigtheid. Dis dinge wat ons verhinder om, soos ons Here Jesus ons in sy Bergpreek geleer het, eers die koninkryk van God te soek. Vroeëer in die brief het Paulus gewaarsku teen dwaalleraars en wettisisme. Hier wys hy op ander gevare. Die kind van God moenie geldelike wins najaag nie, maar eerder hom daarop toelê om hom aan God toe te wy.

'n Gelowige moet leer om die regte waardeskatting te hê: aardse goed gaan verby; kos en klere, onderhoud en woning moenie oorheers nie. Daar is soveel dinge wat mense vandag najaag wat eintlik onder die oordeel van God staan. Ons moet altyd erken dat God sorg en voorsien, en daarom moet ons waak teen 'n dolle gejaag na nog meer en meer. Ons moet vergenoegd te wees wanneer ons genoeg het.

Paulus praat egter nie net van "wegvlug" van sekere dinge op ons lewenspad nie. Hy sê die gelowige moet ook streef na sekere dinge. Dan noem hy Christelike deugde soos opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding en minsaamheid. Ons moet egter goed verstaan: om hierdie Christelike deugde te kan hê in jou lewe, kom nie sommer vanself nie. Jy moet hard worstel in jou lewe om dit in besit te kry en te doen. Ons moet biddend worstel. Dit is deel van die stryd van die geloof waarvan vers 12 praat.

In vers 17 en 18 sê Paulus dat ons nie ons hoop op aardse goed moet stel nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. Mense met baie geld moet vrygewig wees en hulle moenie op hulle geld vir sekuriteit staatmaak nie, maar op die lewende God. Materiële rykdom is nie die enigste voorwaarde vir goeie werke teenoor ander nie. Jy moet veral ryk wees in God, dan is daar altyd iets kosbaars wat jy met iemand anders kan deel.

Wanneer 'n mens na Paulus luister in hierdie paar verse, dan wonder 'n mens: Terwyl ons God ons deur die kosbare bloed van Jesus Christus duur gekoop het: Is ons fokus reg? Is aardsgerigtheid nie besig om die wêreld te oorspoel nie? Dit het tyd geword dat ons weer ryk moet wees in God. Dat ons in ware dankbaarheid en liefde vir God werklik ons daarop sal toelê om Hom te loof en te eer vir Wie Hy is, en wat Hy ons gemaak het. Daarvoor moet ons biddend smeek om die verligtende werk van die Heilige Gees.

*Sing: Skrifberyming 15-3:1, 3, 4, 5*

*Ds. AB (Braam) van der Walt (Emeritus)*